

25 November

Deuteronomium 18:9-22

Ware profesie kweek mondige Christene

In die Ou Ooste het waarsêery 'n geweldige rol gespeel (Dan 2:2). Na 'n man wat voortekens kon lees is met ontsag geluister.

God verbied dit en straf dit met sy vloek. Want wie na waarsêers gaan, glo dat ons uitgelewer is aan 'n noodlot. Waarsêery laat die toekoms nie aan God oor nie. Jy kan God nie daarmee vertrou nie. Jy weet nooit watter streke die gode môre weer met jou kan uithaal nie. Daarom probeer hulle beheer kry oor alles wat hulle lewenspad gaan kruis - dinge wat God vir Homself voorbehou (Deut. 29:29). Onsekerheid oor ons toekoms laat vele vandag hol na spiritiste, na 'wat die sterre voorspel', na dwelmmiddels, na drankmisbruik, ensomeer.

Nee, God gee aan sy volk vir hulle lewe in die verbond met Hom die profesie. Sy kerk hoef nie met allerhande goëlkunsies inligting uit die bonatuurlike wêreld te probeer bekom nie. Die profeet leer God se volk die beloftes en eise van die verbond. Wat alle profete slegs gedeeltelik kon doen, het Christus ten volle gedoen. Hy het aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar (H. Kat. Son. 12). In die kled van die Bybel kom Hy na ons en maak ons wys en leer ons die pad wat ons moet gaan.

Al wat Hy van ons vra, is: Luister na my! Glo in My! Gehoorsaam wat Ek julle beveel. Waarsêery kweek net nuuskierigheid, maar profesie vorm mondige Christene, Christene wat hulle taak verstaan en dit met oorgawe aanpak, hier, nou, in 1998!

Sing Psalm 25:2

Ds. N. Droomer (Die Kandelaar)